**Skriflesing: Johannes 13 vers 33 en 14 vers 1 - 6 Handelinge 1 vers 1 - 11**
**Tema: Hemelvaart is die vuurhoutjie wat 'n groot oorwinningsvuur aan die brand steek**

Wanneer familie of goeie vriende by ons kuier en hulle gaan weg, is dit nie lekker nie. Ons wil hê die kuier moet nooit ophou nie.

Waarom het Jesus van ons af weggegaan? Sou dit nie lekkerder en selfs beter gewees het as Hy nog hier was nie? Ek het nogal geworstel met die nut van hemelvaart. Vandag stuur ons prentjies vir mekaar van 'n man wat, omhul van 'n ligglans, met 'n wolk op-vaar hemel toe terwyl Sy dissipels staan en toekyk.

Wat is die doel van Sy hemelvaart? Hoe belangrik is hemelvaart? In ons liedboek handel net 5 uit die 602 liedere oor hemelvaart. Ons bely dat ons glo in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Maar wat beteken dit? Waarom vaar Jesus op hemel toe?

Die opstanding en hemelvaart sit 'n klomp Goddelike gebeure in ons lewens, kerk en die wêreld aan die gang. Hemelvaart is die vuurhoutjie wat vir elkeen van ons 'n groot oorwinningsvuur aan die brand steek.

**1. Hemelvaart is ons bewys dat Jesus in die hemel is.**
In die hemel sit Hy aan die regterhand van God en Hy regeer as Koning.
Die Here Jesus sê net voor Hy opgeneem is: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matteus 28 vers 18)
God het vir Jesus die belangrikste plek aan Sy regterhand gegee. In Efesiërs 1 vers 21 lees ons in die Boodskap: "Nou regeer Jesus natuurlik oor al wat mag of regeerder of koning is. Niemand, ek herhaal, niemand en niks sal ooit belangriker of sterker as Jesus kan wees nie; nie nou nie en ook nie in die toekoms nie."
Dit is die strategiese posisie vanwaar Jesus alles regeer. Dit mag soms lyk of die mens of dalk selfs die duiwel oor hierdie wêreld regeer, maar die Bybel leer ons dat ongeag hoe chaoties wêreldsake lyk, Christus steeds regeer. En nie één haar van ons hoofde sal val sonder dat Hy daarvan weet nie.

Hy regeer ook as Hoof van ons as kerk. In Efesiërs 1vers 22-23 staan: "God self het Jesus die magtigste posisie gegee om oor alles en almal te heers, ook oor die kerk. Jesus is die leier van die kerk en die kerk moet daarom gehoorsaam doen wat hulle leier van hulle verwag." Hy is die kop en ons as gemeente is Sy liggaam. Saam is ons een. Hy beheer die liggaam en laat Sy invloed deur die hele liggaam vloei. Hy sorg vir alles wat elke deeltjie van die liggaam nodig mag hê. En ons as liggaam of kerk laat Jesus volledig wees wat Hy is.

Dit is 'n wonderlik sekerheid dat Hý regeer as Koning van ons lewens, Sy kerk en die heelal! En Hy maak ons deel van Sy regering. Hy laat Sy koninkryk, ook deur ons, kom.

En Jesus is nou ook besig om vir ons plek gereed te maak in die hemel. Dit is soos familie of vriende wat by ons gekuier het en dan vertrek om vir ons plek reg te kry by hulle huis. Sodra ons plek reg is kan ons weer by hulle gaan kuier. Dit is heelwat makliker wanneer vriende met so 'n belofte vertrek, want ons weet dat ons binnekort weer gaan saamkuier.
Jesus sê vir ons in Johannes 14:2-3: "[2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Hy kom weer terug. Ons is nie swerwers sonder rigting of soekers wat nooit vind nie. Ons weet ons is na ons ewige hemelse adres op pad. En ons ken en dien Jesus as die pad na hierdie adres. Ons sien uit na die dag wanneer ons plek sal reg wees en Hy vir ons sal kom haal om by Hom te bly.

Tot daardie dag waarop Hy weer kom, laat Hy ons nie aan ons eie lot oor nie. Hy los ons nie alleen nie. Hy sê in Johannes 14:18: "Ek sal julle nie as weeskinders (hulpeloos en alleen) agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." Tot Hy weer kom, seën Jesus ons met die Heilige Gees.

**2. Die hemelvaart moes eers gebeur voordat die Heilige Gees uitgestort word.**
in Johannes 16:7 sê Jesus: "Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur." Tien dae na hemelvaart word die Heilige Gees uitgestort.

God seën ons vandag in Christus met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. In Efesiërs 1 lees ons dat ons in Christus uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Ons is bestem om deur Jesus Christus Sy kinders te wees. Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit bestem het. Deur die bloed van Sy Seun is ons verlos en ons sonde is vergewe.
En dan lees ons in Efesiërs 1 vers 13b-14: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg (bewys) dat God begin het om vir ons alles te gee wat Hy ons beloof het. Die Gees is maar die begin van dit wat God eendag alles vir ons gaan gee. Hy gaan elkeen wat Syne is heeltemal vrymaak. Daarom moet ons sy grootheid prys."

Ons is nie as weeskinders agtergelaat nie. Ons het die Voorspraak, die Heilige Gees as ons spesiale Helper, wat ons help waar ons hulp nodig het, ontvang. Wanneer ons nie weet wat om te doen of te sê nie is die Gees by ons om ons te help. Ons mag nie maar net na die hemel staan en kyk totdat Jesus weer kom nie Die Gees vul ons met Goddelike krag en maak ons getuies. In Handelinge 1 vers 8 lees ons: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Petrus is 'n goeie voorbeeld van die krag van die Heilige Gees. Minder as 'n maand en 'n half voor die uitstorting van die Heilige Gees het Petrus drie maal gesê dat hy nie Jesus ken nie. Toe verskillende mense vir hom sê dat hy saam met Jesus was, sê hy dat hy nie weet waarvan hulle praat nie. 'n Tweede maal sê hy dat hy dié man nie ken nie en dan vloek en sweer hy dat hy Jesus nie ken nie. Gevul met die Heilige Gees en die krag van die Gees getuig hierdie selfde Petrus onverskrokke en 3000 mense gee hul lewens aan die Here oor.

Selfs as ons nie weet wat en hoe om wat om te bid nie, help die Gees ons. In Romeine 8 vers 26 staan daar: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees bid self vir ons. Hy vertaal al ons swaarkry in 'n hemelse taal. Hy sug en kla namens ons by God. En omdat God die Heilige Gees deur en deur ken, weet Hy presies hoekom sy Gees so ernstig vir ons bid. En God weet ook dat die Gees altyd volgens Sy wil vir al die gelowiges bid.

Dank die Here vir Sy hemelvaart. Hemelvaart is die vuurhoutjie wat vir ons elkeen 'n groot oorwinningsvuur aan die brand steek. Hemelvaart moes gebeur sodat Hy vandag as Koning kan regeer en Hy ons kon seën met die uitstort van die Heilige Gees. As Sy volgelinge leef ons, gevul met die krag van die Heilige Gees, en ons sien uit na die dag waarop Hy weer sal kom om ons te kom haal.
**Amen**